JEUGGROEPE#SONDAGSKOOL

Baie dankie aan almal wat reeds hulle inligtingsvorms en inskrywingsgelde betaal het ons waardeer die spoedige reaksie. Indien jy nog nie kans gehad het om hierdie vorm te voltooi nie, kan jy dit van die webwerf af ookaflaai e naan ons epos. Die R100 iskrywings geld kan ook elektronies inbetaal word of in 'n koevert aan jou jeuggroepleier gegee word.

Ons benodig steeds jeuggroepleiers, as jy by die jeug wil betrokke raak op enige manier kontak Ds. Jana Dickason by 0826141728 of

Daar is geen Nagmaal Donderdag oggend om 08:00 in die kerkgebou nie.

BELYDENISKAMP 2018 #EKBELY

Tydens 2-4 Februarie het die belydenisgroep gekamp te Hermanus. Die kamp was 'n groot sukses en ongelooflik geseënd! Baie dankie vir elke borgskap, verblyf, hulp met vervoer en natuurlik die lekker kos. Ons gemeente het werklik saam gespan om hierdie kamp, met 28 kampgangers, 'n vreugdevolle en ongelooflike ervaring te maak. Baie dankie!

GEMEENTEVERGADERING: 04 MAART

KERKKANTOOR BESONDERHEDE:

Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Offergawes met SnapScan

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 11 FEBRUARIE 2018	VOLGENDE WEEK 18 FEBRUARIE 2018
		Teks: Markus 9:2-9	***Teks: 1 Petrus 3:18 - 22***
09:00	**Klassieke Diens** (Kerk)	Ds. André Agenbag	Ds. Jana Dickason
09:00	**Familiediens** (Sentrum) **Jeuggroepe** **Voorskool tot Gr. 5**	Ds. Jana Dickason	Ds. André Agenbag
18:00	**Aanddiens** (Kerk) **Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Dr. Tinus van Zyl / Heinz Winckler	Dr. Tinus van Zyl

TEKS VIR DIE WEEK: MARKUS 9:2-9

2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saam geneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander, 3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie. 4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en praat.5 Toe sê Petrus vir Jesus: "Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia." 6 Hy het nie geweet wat hy sê nie, so verskrik was hy saam met die ander. 7 Daar het toe 'n wolk gekom wat sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk het daar 'n stem gekom: "Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom." 8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.9 Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

Richard Jones
Elize Schouten
Carel Cronjé
Scotty Marais
Elsabe Diedericks
Erma Burger
Pa van Heinrich en Sonja Punt
Mev. Wasserfall

NUWE LIDMATE

Baie welkom aan almal!
Kom ontmoet gerus vir Marnel Agenbag voor en na die erediens by die "Inligtingstoonbank" in die portaal by die gemeentesentrum.

OFFERGAWES

Vandag se **Sinodale offergawes** gaan aan die **Studentebearbeiding**
Bediening aan studente is vir die kerk van die uiterste belang, want dit is 'n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die fondse wat hiervoor ingesamel word, word gegee vir bediening van studente op verskillende plekke. Die grootste gedeelte van fondse gaan na Stellenbosch se Kruiskerk en Wellington Moedergemeente. Ander kampusse wat bedien word, is Tygerberg en Kaapstad.

Jeugkantoor (me Sharon Naudé) **|** 021-808-9050 **|** jeug@sun.ac.za **|** www.communitas.co.za

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Vera Niksh, Iyla van Eeden, Pierre en Esmé van Vuuren, Amanda Sampson, Peet en Santa van der Schyff, Helen Burger, Hester Pretorius, Helena Marais en Wendell Beuke

DURBANVILLE / DURBANVILLE BERGSIG SENIOR KLUB

Ons Februarie vergadering vind plaas op Donderdag 22 Februarie 2018 om 09:30 by Bergsig Gemeente.

Die spreker is Dr. Van Rooyen van Vredelust Gemeente. Sy onderwerp sal wees "Ouer – word met God"

Die R130 per lid vir die uitstappie na Kunste Kaap is vandag betaalbaar.

Die uitstappie na Kunste Kaap –"West side story" vind plaas op **LET WEL: SONDAG 25 MAART 2018**

VALENTYNSDANS EENSGEZIND
14 FEBRUARIE OM 19:00

Trek jou dansskoene aan en ondersteun die Magdalenahuis se fondsinsameling deur 'n kaartjie te koop vir jou en jou maat. Kom deel in 'n aand van Romanse.
Drag: Elegant informeel
Plek: Eensgezind, Klipheuwelpad, Durbanville
Tyd: 19:00 vir 19:30
Koste: R280 pp
3 Gang maaltyd, wyn, en kontantkroeg beskikbaar.

KOORLEDE BENODIG – VERAL SOPRANE

Die kerkkoor benodig dringend koorlede – veral soprane. Ons oefen op Woensdagaande tussen 18h00 en19h00 op die orrelgalery. Nie nodig vir oudisies – kom meld slegs Woensdagaand aan – ons sal jou met ope arms verwelkom.
Vir nadere besonderhede, kontak Stephan by 0844 500 100 / 021 975 2212 /sack@mweb.co.za

AS – WOENSDAG 14 FEBRUARIE

Dag van verootmoediging te midde van die droogte

Kom enige tyd tussen 06:00 en 10:00 en kom word stil en bid in die gewyde atmosfeer van die kerkgebou. Daar sal ook voor in die kerk 'n predikant wees wat jou kan bedien met 'n as-kruisie (op die voorkop of in jou handpalm), asook met Nagmaal. Enige iemand is welkom. Gesinne kan ook voor die skooldag begin, vir 'n paar oomblikke kom stilword en bid in die kerk, en ook 'n as- kruisie en Nagmaal ontvang.

Kom deel in die "praise & worship", relevante boodskappe en gesellige saamwees. Elke Sondag om 18:00 in die kerkgebou

DURBANVILLE GEMEENTE
WAT IS JOU DOEL IN DIE LEWE?
Almal Welkom!
Datum: Sondag, 11 Februarie
Tyd: 18:00
Alive
Breathe · Awake · Thrive
h/v Kerk - en Weyersstrate